

Aksieplanne reg vir rioolwerke

Volg op minister se opdrag

■ **MARISA PHILLIPS**

WELKOM. – Die Matjhabeng-munisipaliteit se aksieplanne is agtermekeer om die vervalde rioolwerke in dié munisipaliteit reg te ruk.

Me. Lindiwe Hendricks, minister van waterwese en bosbou, het verlede maand dié munisipaliteit besoek en hulle 30 dae gegee om met planne vir die oplos van die rioolprobleme vorendag te kom. Sy het die toestand van Matjhabeng se riool 'n noodtoestand genoem.

Mnr. Kgojane Matutle, munisipale woordvoerder, sê amptenare het dag en nag gewerk om die aksieplanne saam te stel en kon verlede week 'n volledige verslag aan die minister stuur. In die verslag word al die probleme uiteengesit en ook hoe dit opgelos gaan word.

Verskeie vergaderings word gehou om te verseker dat die werk uitgevoer word. Kontrakteurs en konsultante is reeds aangestel en stel nou sakeplanne op.

Hendricks het die Witpan-rioolaanleg, wat oorstroom en buite werking is, besoek.

Sy was geskok oor die toestande daar en het opdrag gegee dat die gebied onmiddellik afgekamp word.

Hendricks het gesê in Oktober 2007 het dié munisipaliteit reeds 'n kennisgewing gekry om die rioolprobleme op te los.

“My kantoor het geen terugvoering gekry nie. Die munisipaliteit het nie hierop gereageer nie.”

Die munisipale bestuurder het 30 dae gekry om 'n aksieplan op te stel, anders kan sy ingevolge die Wet op Waterwese aangekla word en 'n boete of tronkstraf van tot vyf jaar kry.

Hendricks het gesê dit is skrikwekkend dat twee van Matjhabeng se grootste rioolaanlegte buite werking is. “Witpan in Welkom het heeltemal tot stilstand geruk. Die water word glad nie hier behandel nie. Odendaalsrus se rioolaanleg is ook heeltemal buite werking.”